NG Elarduspark

# WEEKLIKS

18 Januarie 2026



012 345 1144 kerkkantoor@ngelarduspark.org.za ngelarduspark.co.za




*Voorspoedige nuwe jaar aan ons hele gemeente vanaf NG Elarduspark se leraars en kantoorpersoneel*

## WELKOM TUIS!

Aan die begin van 'n nuwe jaar is dit 'n voorreg om weer as geloofsgemeenskap saam te wees. Ons is getuies van God se liefde vir elke mens, elke straat, elke woonbuurt in ons stad. Dit is ook die woorde op ons 2026 kalender: Omdat God mense liefhet. Sy liefde is nie ver van Pretoria af nie, Hy is hier teenwoordig. In Jeremia 29 roep die Here Sy mense op om huise te bou, tuine te plant en die belange van die stad te bevorder, omdat hulle welvaart met die stad s'n verbind is. Daarom fokus ons hierdie jaar veral op Gemeenskap – deel van ons drie G's saam met Geloofsvorming en Gasvryheid. Omdat God mense liefhet, word ons gestuur om raak te sien waar Hy reeds aan die werk is en om saam met Hom hoop, vrede en lewe in ons stad uit te leef.

## BIDSTOP:

Here ons God, dankie dat U die God is wat mense liefhet – nie van ver af nie, maar hier waar ons woon en werk. Dankie dat U in ons stad teenwoordig is en dat U ons nooi om saam met U te leef en te dien. Vorm ons harte sodat ons die belange van ons gemeenskap sal soek, soos U ons in Jeremia 29 leer. Leer ons om huise van hoop op te rig, tuine van vrede te plant en brûe van liefde oor grense heen te bou. Stuur ons na ons stad met oop oë, oop hande en oop harte, sodat ons getuies sal wees van U liefde. Amen.

# DANKOFFERS

**Tjekrekening: 1500580174**
**Takkode: 631245**
**Verwysing: Dankoffer**

SnapScan

Skandeer hier om by te dra

zapper™

Skandeer hier om by te dra



# EREDIENSTYE

**Klassieke erediens:** ---------------------------------------------------------- 08:00
**Kontemporêre erediens:** ---------------------------------------------------- 10:00
**Lewendige uitsending** (YouTube-kanaal): ---------------------------- 08:00 & 10:00
**Sout & Lig Kinders:** -------------------------------------------------- 08:00 & 10:00

- Registrasies: 18 Januarie direk na die erediens
- Skop af 25 Januarie

**Veranderdiens:** -------------------------------------------------------------- 17:00
**Dieper Delf:** (vanaf 25 Januarie 2026) ---------------------------------------- 18:00

***TOEWYDINGSFEES = 25 JANUARIE 08:00 / 10:00***



# AFKONDIGINGS

## SOUT & LIG KINDERS - BELANGRIKE DATUMS

**Sondag 18 Januarie:** Direk na beide 08:00 en 10:00 diens het ons 'n kort inligtingsessie oor die jaar wat voorlê. Ons nooi al ons ouers uit om dit asb. by te woon.

**Sondag 25 Januarie 08:00 / 10:00:**
Sout & Lig skop af (Toewydingsfees).

**1 Februarie 10:00:** Gr. 4 Kapeldiens (Ouers en Gr. 4 kinders word hierheen genooi).
**8 Februarie:** Gr. 1 Roetemerker



## VERANDERDIENS

Ds. Sheldon-Hugh Grahan is na ons gemeente beroep as leraar met die fokus op die jeug. Hy het reeds op 1 Desember met sy werk hier begin. Ons is dankbaar en opgewonde dat ons hom by vandag se oggenddienste kan verwelkom. Ons nooi almal uit na sy bevestiging en intreepreek vanmiddag tydens die **Veranderdiens om 17:00**. **Registrasies** vir ons jeug vind dan ook na die diens plaas.

## DIEPER DELF

**Sondagaand 25 Januarie** om 18:00 skop ons eerste Dieper Delf reeks vir die jaar af. Prof. Chris de Wet gesels oor die tema: Op soek na Jesus – 'n ontdekkingsreis deur die Evangelies. Wie is Jesus regtig? Elkeen van die vier Evangelies beeld Jesus op 'n unieke manier uit. Hierdie verskille is betekenisvol. Kom herontdek hoe die uiteenlopende perspektiewe ons geloof in Jesus vandag verdiep.



# AFKONDIGINGS



## HUWELIKSVOORBEREIDING

**Trou jy een van die dae?**

Ons huweliksvoorbereiding begin 4 Februarie, vir vyf Woensdagaande, 19:00 – 21:00. Ons gesels oor belangrike boustene vir 'n gesonde huwelik. Kontak Lieze Meiring vir meer inligting: lieze@ngelarduspark.org.za.

Besprekings sluit 30 Januarie. Sien jou daar!

## ALPHA HUWELIKE & A-TEAM KIDS

Alpha Huwelike is 'n huweliksverrykingskursus vir jong en ouer paartjies wat mekaar en hul verhouding opnuut wil waardeer. Dit begin Donderdag 5 Februarie, half 7 – half 9, vir sewe Donderdagaande. Bring jul piekniekmandjie saam. Elke paartjie sit by 'n tafeltjie met kerslig – 'n regte "date night". Dit kos R200 per paartjie. Bespreek jul plek by Lieze Meiring lieze@ngelarduspark vir meer inligting. Besprekings sluit 30 Januarie. **A-Team Kids** begin dan ook vanaf 5 Februarie elke Donderdagaand om 18:30. Dit loop saam met Alpha Huweliksverryking van die ouers.





## DOOPKURSUS

Ons eerste Doopkursus vir die jaar is Donderdae 22 & 27 Januarie, asook 5 Februarie 19:00-20:30 in die Blousaal. Ouerpare woon al drie aande by.

Kontak ds. Maartje vir meer inligting:
072 375 3965

# AFKONDIGINGS

## GRATIS VRYWILLIGE BARISTA-OPLEIDING:

Kom word deel van die Koffiebediening en leer hoe om heerlike spesialiteitsdrankies op die espresso-masjien te maak. Enige een is welkom by ons gratis vrywillige barista-opleiding Saterdag 7 Februarie 08:30 - 10:30.

Bespreek voor Vrydag 6 Februarie 2026. Vul die Google-vorm in deur op die prent regs te klik. Kontak Hannelie White vir navrae: 012 345 144.





## WELKOM AAN ONS NUWE LIDMATE

- Magda du Preez
- Marie De Lange
- Lara Maree
- GB en Sune Jordaan
- Danie en Adri Botha

# AFKONDIGINGS

## HOSPITAALBESOEK

Indien jy weet van iemand in die gemeente wat 'n hospitaalbesoek van 'n predikant nodig het, skakel gerus die kerkkantoor om ons in kennis te stel.

## CMR:

HET JY GEWEET JY KAN JOU DONASIE AAN DIE CMR ELARDUSPARK VAN JOU BELASTING TERUGEIS?

Op dié manier kan jy "omgee" ondersteun. Die CMR-kantoor is 'n belangrike komponent van ons gemeente se Barmhartigheidsdiens wat na ons gemeenskap uitreik. Dit is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie, en 'n Artikel 18(a) sertifikaat kan uitgereik word vir belasting-doeleindes. Jy kan 'n eenmalige donasie, of 'n gereelde bydrae maak. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na: cmr@ngelarduspark.org.za. Laat weet ons ook per e-pos indien jy 'n betaling gemaak het.

Die CMR se bankbesonderhede: Christelike Maatskaplike Raad Elarduspark
Standardbank | Tjekrekening no: 411235109 | Verwysing: Naam, van + 18 (a)

# ADVERTENSIES

GEMEENSKAPPE VAN HOOP

CORAMDEO

## Pastorale narratiewe berading (opleiding)

Met hierdie twee-jaar universiteit geakkrediteerde program word volwasse deelnemers toegerus om hoop en genesing in 'n wye verskeidenheid situasies te bring. Die kursus bemagtig jou ook vir jou eie verhoudings en 'n dieper verstaan van die lewe.

**Modules wat aangebied word**

Narratiewe / storie benadering
Pastorale teologie
Kinders en / of tieners
Misbruik en afhanklikheid
Verhoudings
Trauma, rousmart en verlies
Depressie en angs

Tik in **coramdeo.co.za**, of skandeer die **QR prentjie**

HOOP IN JOU
HOOP DEUR JOU

Hierdie beradingskursus leer alle hulpverleningsrolle (leraars, onderwysers, sielkundiges, maatskaplike werkers of sommer net ouers en vriende) om met mense se lewensverhale (narratief) hoop te ontwikkel.

012 998 8323 / 9083 (nasionaal)
076 135 7367 (slegs WhatsApp)
pnt-intake@coramdeo.co.za

**Op die webtuiste**: videos, prospektus, vorms vir registrasie, keerdatum, leer meer oor 'n narratiewe benadering (Ons begin gewoonlik gedurende die laaste week Januarie. Laat inskrywings is net moontlik tot middel Februarie, indien plek beskikbaar is.

CENTRE FOR FAITH & COMMUNITY
FACULTY OF THEOLOGY AND RELIGION AT THE UNIVERSITY OF PRETORIA

SIGNO PROFESSIONAL

E ENTERPRISES University of Pretoria

CPSC Council for Pastoral and Spiritual Counsellors

**VBO & CPD punte vir lede van relevante organisasies**